Vrydag 29 Mei
Skrifgedeelte: Lukas 22:14-23 (NGB Art. 33)
Fokusgedeelte: Lukas 22:15, 16
Die genadige vervulling van die Pasga deur Jesus Christus

Jesus weet die einde van sy lydensweg is in sig en daar is hierdie begeerte om vir laas die paasmaaltyd saam met sy dissipels te eet. Hoewel Hy mens was, was hy nie net mens nie. So het die uitlewing van sy geloof ook 'n groot plek in sy optrede gekry (Heb. 2:17; 12:1-2). Om daardie rede het Hy versterking in sy geloof nodig deur die gebruik van die sakrament van die geslagte Paaslam, want daardeur ontvang Hy ook bemoediging in hierdie verskriklike gebeure wat vir Hom voorlê.

Jesus begeer nie net om self die Pasga te eet nie, maar spesifiek ook om dit saam met sy dissipels te eet, om hulle daardeur te leer en te lei in hulle geloof. Dit moet gebeur sodat die vervulling van die profesie van verlossing uit genade deur die Nagmaal met hulle gevier kan word. Hier leer Hy hulle dat die Nagmaal nie net vir hulle eenmaal gegee is nie, maar dat dit herhaaldelik deur sy kerk gevier moet word in die eeue wat voorlê tot met die voleinding.

Omdat Jesus na sy Godheid wel bewus was van Judas se voorneme tot verraad en omdat hierdie instelling en vasstelling van die Nagmaal die genadige vervulling van die Pasga is, laat Hy Hom deur niks of niemand verhinder om dit in te stel nie – ook nie deur Judas Iskariot nie – aangesien dit sy laaste aardse pasga is wat Hy saam met sy dissipels hou. Die vervulling lê daarin dat Hy die ware Lam van God is wat geslag sou word en sy bloed uitgestort sal word tot versoening en verlossing van sy volk en van die wêreld. Laat die lees van Artikel 33 van die Nederlandse Geloofsbelydenis vir u hier tot versterking en bemoediging dien.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 4*

*Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)*